

GRAIN SA
GRAAN SA

# Die Graan- en Oliesadebedryf van Suid-Afrika

# 'N REIS DEUR TYD

## HOOFSTUK 6

# 6 Graan SA se NAMPO OESDAG

Wat in 1967 begin is as 'n geleentheid vir mielieprodusente om meganisasietoerusting op 'n nie-mededingende basis op een plek teen mekaar op te weeg, het inderdaad gegroei tot 'n gediversifiseerde landbouhandelskou van internasionale formaat.

Na 50 jaar word Graan SA se NAMPO Oesdag teen 2016 gereken as die toonaangewende vertoonvenster van landbou in suidelike Afrika; en behels selfs meer as dit: Dit is 'n ruitverwysing van vooruitgang in landbou; 'n tegnologie-telbord – en 'n jaarlikse instelling wat 'n samehorigheidsgevoel onder landbouers versinnebeeld.

'n Oud-hoofbestuurder van NAMPO én Graan SA – en 'n Oesdagpionier in eie reg – mnr Giel van Zyl, verwoord die landbougemeenskap se sentiment soos volg: "Die Oesdagprojek se grootste bydrae benewens die feit dat dit 'n inkopieplek vir landbouers is, is die samehorigheid wat dit onder alle graanboere skep, want dit is iets wat deur hulle opgebou, beman en bestuur is. Tewens, daar is min dinge wat soveel trots by graanboere skep soos die Oesdag." Van Zyl reken voorts die Oesdag is 'n verlengstuk van mense in landbou se insette oor jare om die beste belang van die graanprodusente te propageer as deel van die graanbedryf se stryd om erkenning en oorlewing.

## ONTSTAAN EN VESTIGING

SAMPI, oftewel die Suid-Afrikaanse Mielieprodusente-instituut, is in 1966 gestig deur mielieprodusente wat ontevrede was met die feit dat diegene wat die mieliebedryf hanteer het nie bona fide-mielieboere was nie én hulle verkeerde hantering van die ekonomiese sake van die bedryf. Vir SAMPI was dit 'n uitdaging om as nuutgestigte mielieprodusente-organisasie deur die toue te klim teen die regeringsgesteunde mielie-spesialiteitsorganisasie (SAMSO) en georganiseerde landbou. 'n Gemeenskaplike strewe na behoorlike en demokratiese verteenwoordiging het egter die jonge SAMPI leeuemoed gegee om die "groot mieliestryd" met durf aan te pak.

Die Oesdag het sy ontstaan te danke aan die inisiatief van drie produsente van Bloemfontein, mnre Moos Haddad, Hannes van Wyk en George Stegmann – al drie lede van die destydse SAMPI-distriksbestuur van Bloemfontein.

> **"EK VERTROU DAT DIE OESDAG NOG EENDAG WÊRELDBEROEMD SAL RAAK SOOS DIE BLOMMEFEES VAN HOLLAND, DIE RYNFEESTE VAN DUITSLAND EN WINDHOEK SE KARNAVAL."**
>
> ***– Die eertydse direkteur van SAMPI, dr Willie Kotze, in 1967 na afloop van die heel eerste Oesdag.***



**Mnre Moos Haddad, Hannes van Wyk en George Stegmann was die stigterslede van die SAMPI Oesdagprojek. Die eerste Oesdag is op 7 en 8 Junie 1967 in die Bloemfontein-distrik gehou.**



**Video: Mnr Crawford von Abo vertel oor die ontstaan van die Oesdag.**



**Een van die vroegste Oesdae uit die lug gesien – teen ongeveer 1969.**

### MEGANISASIE-UITSTALLERS TYDENS 1STE OESDAG IN 1967

1. **Malcomess**
2. **Sentraalwes Koöperatiewe Maatskappy**
3. **International Harvester**
4. **John Deere**
5. **John Roderick & Southy**
6. **Lambons**
7. **Lifa**
8. **Mangolds**

Dié drie musketiers wie se plase noord van Bloemfontein aan mekaar gegrens het, het die daad by die woord gevoeg en op 7 en 8 Junie 1967 is die eerste SAMPI Oesdag op Donkerhoek – Van Wyk se plaas – naby Bloemfontein gehou. In totaal het agt uitstallers deelgeneem en 203 mense het dit bygewoon. Hierdie beskeie begin was die ontstaan van 'n landbougefokusde, behoeftegedrewe handelskou wat konstant gegroei het en teen 2016 is 685 uitstallers en 75 116 besoekers geakkommodeer.

"Ons het die Oesdag begin omdat ons boere en masjinerievervaardigers by mekaar wou uitbring. Vir mielieboere was die sestigerjare 'n oorgangstyd na grootskaalse meganisasie en losmaathantering van grane. Daar was 'n wesenlike behoefte om trekkers en implemente op 'n groter skaal te sien as wanneer slegs een maatskappy sy produkte op jou plaas demonstreer," het Van Wyk aan *Mielies/Maize* (voorganger van *SA Graan/Grain*) in die April 1989-uitgawe gesê. Die droom was dus om 'n platform te skep waar verskaffers van meganisasiewerktuie en produsente mekaar ontmoet sodat ingeligte produksie- en aankoopbesluite geneem kan word.

Van Wyk vertel verder dat dit bloedsweet gekos het om die eerste Oesdag te organiseer. Trekker- en implementvervaardigers moes oorreed word om deel te neem. Uiteindelik het agt maatskappye ingestem en Lister het 'n kragopwekker verskaf.

## Streeksgebaseerde Oesdae volg

Haddad se plaas, Hopefield, is aangewys as basis van SAMPI se Oesdag vanaf 1968. Aangesien Hopefield teenaan die Bloemfontein/Bultfontein-teerpad geleë is, was sy beter toeganklikheid waarskynlik die rede waarom die Oesdag tot en met 1972 daar gehou is.

> **"WANNEER JY AAN MENSE TERUGDINK, IS DIT ALTYD MOEILIK OM IEMAND SPESIFIEK UIT TE SONDER. DIT IS EGTER ONMOONTLIK OM NIE DIE DRIE MUSKETIERS VAN BLOEMFONTEIN, MOOS HADDAD, HANNES VAN WYK, GEORGE STEGMANN EN HUL GADES, TE VERMELD NIE. HULLE WAS DIÉ MET DIE GROOT IDEE (VAN 'N OESDAG) IN 1966."**
>
> ***– Mnr Dennis von Abo, Oesdagdirekteur; 1983.***




**'n Geraamde weergawe van die eerste Oesdag se plakkaat hang in die administratiewe kantore op NAMPO Park.**

**DIE TERM "OESDAG" IS AFKOMSTIG VAN DIE MEGANISASIEFOKUS OP OESTOERUSTING TYDENS DIE HEEL EERSTE OESDAG IN 1967. IN DIE JARE WAT DAAROP GEVOLG HET, IS DIE WERKTUIE WAT OP 'N NIE-MEDEDINGENDE BASIS ONDER WERKENDE TOESTANDE GEDEMONSTREER IS, UITGEBREI OM ALLE FASETTE VAN DIE PRODUKSIESIKLUS IN TE SLUIT. DIE OESDAG-BENAMING HET DIE TOETS VAN DIE TYD DEURSTAAN EN WORD VANDAG STEEDS GEBRUIK.**

*Die Landman* berig in Julie 1969 dat sowat 2 000 produsente oor die twee dae in 1969 op Hopefield teenwoordig was. Transaksies ter waarde van R50 000 – 'n stewige bedrag vir daardie jare – is oor die twee dae beklink. Dr AJA Roux, Voorsitter van die Raad op Atoomkrag, was die hoofspreker en mnr Fanus Rautenbach, alombekende radioman, die aankondiger.

Wat die beheerde werktuigdemonstrasies betref, is die normale prosedure gevolg soos wanneer 'n produsent self sy oes sou bewerk. Demonstrasies het ingesluit dié van stilstaande dorsmasjiene, daarna selfaangedrewe en trekdorsmasjiene, waarop die omploeg van geoeste lande gevolg het. Planters in aksie is vanaf 1970 bygevoeg.




**'n Argieffoto van die tweede SAMPI Oesdag. Dit is op Haddad se plaas, Hopefield, geneem.**



**In die beginjare het 'n hoofspreker deel uitgemaak van die Oesdagprogram. Dr AJA Roux, Voorsitter van die Raad op Atoomkrag, was 1968 se hoofspreker.**













**Praktiese demonstrasies van landbou-toerusting op 'n nie-mededingende basis was sedert die ontstaan van die Oesdag vir sowat 40 jaar lank 'n kernfokus.**



'n Beheerde meganisasie-demonstrasie tydens die Oesdag in 1972.




Teen 1972 het die streeksoesdae al beslag gekry. Só lyk die plakkaat van daardie jaar.

Die Oesdag se sukses en groei was 'n bevestiging dat SAMPI 'n unieke resep beet gehad het. Om 'n verskeidenheid trekkers en werktuie onder werkende toestande op 'n nie-mededingende basis op een perseel te demonstreer, het 'n dringende behoefte van mielieprodusente aangespreek. Hoewel die reëlingskomitee vernuftig te werk moes gaan om meganisasie-uitstallers te oortuig om deel te neem, was die Oesdagkonsep besig om vinnig veld te wen – tot SAMSO en kie se ontsteltenis, maar tot opbou van 'n onblusbare gees van samehorigheid wat besig was om in SAMPI-geledere pos te vat.

Hierdie gewildheid het daartoe gelei dat bykomende oesdae vanaf 1969 op 'n streeksbasis onder die vaandel van SAMPI se Sentrale Oesdagkomitee gehou is, naamlik een op die Oostelike Hoëveld (vandag Mpumalanga) en een in die Wes-Transvaal (die huidige Noordwes Provinsie). Die Oesdag wat naby Standerton gehou is, is aanvanklik op die plaas Roodebank van mnr Flip Viljoen aangebied. Dit het later jare verskuif na die plaas Uitgezocht van mnr Tienie Louw in die Hendrina-distrik. By Ottosdal is dit aangebied op die plaas Rietvlei van Me Annie Lombard. Teen 1972 het die drie Oesdae op verskillende terreine met 'n bywoning van meer as 11 000 produsente gespog.

## Eerste nasionale Oesdag

Teen 1972 is 'n Sentrale Oesdagkomitee gevorm om die streeksoesdae te oorsien. Mnr Janneman Venter, Voorsitter van die komitee, het in 1972 ná 'n besoek aan die VSA om die Field Show-model te ondersoek en in samewerking met die vervaardigers, die saadjie geplant van een sentrale Oesdag maar op 'n groter skaal.

Dit het vir SAMPI 'n doelwit geraak om 'n permanente oesdagterrein die jaarlikse middelpunt van landboumeganisasie in Suid-Afrika te maak. Die verskaffers van meganisasietoerusting en werktuie het ook aangevoer dat een sentrale uitstalling- en demonstrasiepoging vir hulle meer bekostigbaar en effektief as drie afsonderlike

> **"DIE OESDAG IS EEN VAN DAARDIE GEBEURTENISSE WAT 'N MENS NIE DURF MISLOOP NIE, WANT OOR DRIE DAE IS DIT WAAR ALLES OP DIE GEBIED VAN LANDBOU GEBEUR."**
>
> ***– Mnr Japie Grobler, Voorsitter van NAMPO; 1996.***

### DIE NAME VAN VERSKEIE SALE OP NAMPO PARK IS AAN DIE OESDAG SE GESKIEDENIS ONTLEEN

- **Donkerhoek-saal** (plaas van mnr Hannes van Wyk, waar die eerste Oesdag gehou is)
- **Hopefield-saal** (mnr Moos Haddad se plaas, waar die Vrystaatste Oesdae aangebied is)
- **SAMPI-saal** (voorganger van Graan SA)
- **NAMPO-saal** (voorganger van Graan SA)
- **Fanie Ferreira-saal** (laaste Voorsitter van SAMPI en eerste Voorsitter van NAMPO)
- **Roodebank-saadsaal** (mnr Flip Viljoen se plaas, waar die Oos-Transvaalse Oesdae aanvanklik aangebied is)

oesdae sou wees. 'n Besluit van die komitee in Oktober 1972 om vanaf 1973 die drie oesdae in "een massiewe aanbieding" te kombineer en op 'n sentrale, permanente terrein aan te bied, het dus gelei tot die eerste gekombineerde Oesdag wat in 1973 op die tydelike nasionale Oesdagterrein op Ottosdal gehou is.

Toe die plaas Marthaville in die Bothaville-distrik in die mark kom, is die besluit geneem om die grond aan te koop en dit vir dié doel te ontwikkel. Bothaville/Viljoenskroon-distrik is beskou as 'n lokaliteit wat maklik bereikbaar is vir produsente van reg oor die land. Ongeveer 80% van die destydse mielieproduksiegebied was binne 'n radius van 160 km vanaf Bothaville geleë. Marthaville grens ook aan 'n teerpad, wat toeganklikheid en verkeer geoptimaliseer het.

Dit moet gemeld word dat hoe die grond in SAMPI se besit gekom het, deels in misterie gehul is. Oorlewering wil dit hê dat dit in geheel aan SAMPI geskenk is, maar dit is onbevestig. Die oesdagterrein is saamgestel uit drie titelaktes, waarvan die kleiner gedeelte (sowat 25 ha) deur mnr Louis Luyt, destydse eienaar van Triomf Kunsmis en latere rugbybaas, geskenk is omdat hy SAMPI se saak gesteun het.



**'n Blik uit die lug op die Oesdagterrein kort voor die groot stormloop in 1973 begin het.**



**Die eerste gekombineerde Oesdag is in 1973 op 'n plaas naby Ottosdal aangebied. Om die voorafgaande oesdae van die Vrystaat en die Oos-Transvaal daar te akkommodeer, is die terrein met nagenoeg 100 morg vergroot.**

Die vorige eienaar van Marthaville, mnr Jan Bothma, was as SAMSO-ondersteuner blykbaar nie gediend daarmee om direk aan SAMPI te verkoop nie. Dié uitdaging is omseil deurdat mnr Flip Grobler – wie se grond aan Marthaville gegrens het – die plaas van 171 ha aangekoop en dadelik aan SAMPI oorgedra het. Aangesien SAMPI in daardie stadium 'n relatiewe jong organisasie was, moes die twaalf dagbestuurslede, waarvan Grobler een was, noodgedwonge in hulle persoonlike kapasiteit vir die verbandlening borg staan. 'n Derde stuk grond is in die laat tagtigerjare deur NAMPO aangekoop om 'n skaapprojek as deel van die grondomskakelingskema te huisves.

In 1973 is mnre Hannes van Wyk en Callie van Wyk deur SAMPI afgevaardig om 'n Field Harvest Day in Nieu-Seeland te besoek om hulself te vergewis van hoe die kiwi's dit doen.

## Die NAMPO-era breek aan

Na intervensie deur die destydse Minister van Landbou, mnr Hendrik Schoeman, is eenheid in die mieliebedryf uiteindelik bewerkstellig. SAMPI en SAMSO is ontbind en het op 3 Oktober 1980 plek gemaak vir die totstandkoming van die Nasionale Mielieprodusente Organisasie oftewel NAMPO. Die Oesdag – as 'n prominente deel van SAMPI se bruidskat – is gevolglik tot die NAMPO Oesdag herdoop.

Gedurende die bykans 20 jaar wat gevolg het, het die NAMPO Oesdag in elke opsig van krag tot krag gegaan. Wat aanvanklik 'n mieliegefokusde handelskou was, is gediversifiseer en uitgebrei om die Suid-Afrikaanse landboubedryf in geheel te akkommodeer. Dit het ontwikkel tot een van die bekendste plaaslike landbouhandelsmerke en spog selfs vandag met 'n sterk bewustheid in Afrika en die buiteland.

**"DIT IS VERAL VIR ONS INSETVERSKAFFERS EN VERTONERS WAARVOOR EK BAIE DANKIE WIL SÊ. HULLE IS JAAR NA JAAR DIE LEWENSBLOED VAN DIE OESDAG. GROOT UITGAWES WORD DEUR HULLE AANGEGAAN OM MILJOENE RANDE SE LANDBOUTOERUSTING EN DIERE NA DIE OESDAG TE BRING."**

***– Mnr Bully Botma, Oesdagvoorsitter, 1996.***






Spesiale erkenning is verleen aan ses van die 1967-Oesdag se agt uitstallers wat vandag nog uitstal, asook aan 17 uitstallers wat onafgebroke sedert 1974 op die huidige terrein uitstal. By die funksie was personeel van New Holland SA, Argo, Barloworld Agri, Kempston Agri (Claas), Eqstra (Deutz & Same), Shell, Syngenta, Rovic Leers, Pannar, Senwes en Bessemer.

## UITSTALLERS IN 2016 WAT SEDERT 1974 OP NAMPO PARK UITSTAL

1. New Holland SA
2. Argo Industrial
3. John Deere
4. Northmec
5. Barloworld Agriculture
6. Kempston Agri (Claas)
7. Eqstra (Deutz & Same)
8. Shell
9. Syngenta
10. Andrag Agrico
11. Erdvark Implemente
12. Rovic Leers
13. Pannar
14. Senwes
15. Engen
16. Bessemer



Video: 'n Gedenk-DVD-produksie om die 50ste Oesdag in 2016 te herdenk, is in opdrag van Graan SA vervaardig.

## Graan- en oliesadebedryf word een

Eenwording in die graan- en oliesadebedryf het bykans twee dekades later in 1999 gevolg ná die deregulering van landboubemarking in 1997. Spesialiteitsorganisasies wat produsente uit die mielie-, wintergraan-, sorghum- asook olie- en proteïensadebedrywe verteenwoordig het, het gesamentlik die grootste landbouprodusente-organisasie in die land gestig. Die Oesdag was weer eens deel van die bates wat NAMPO na die nuutgestigte spesialiteitsorganisasie gebring het.

Die aanvanklike benaming – die Graanprodusente-organisasie (GPO) – het op 8 Maart 2000 plek gemaak vir 'n splinternuwe korporatiewe identiteit, toe die "Graan SA" eenparig deur die jaarkongres goedgekeur is.

Met 'n trotse geskiedenis wat oor vyf dekades strek, is die Oesdag vandag 'n kombinasie van die nuutste landboutegnologie, produkverskeidenheid, innovasie, gesprekvoering, 'n mekka van netwerkgeleenthede en landbou-gasvryheid, wat sy reputasie gestand doen as suidelike Afrika se vertoonvenster van landbou.

Graan SA het tydens 'n spesiale geleentheid tydens NAMPO 2016 erkenning gegee aan uitstallers, vrywilligers, landbouleierskap en personeel se bydrae tot die Oesdag sedert 1967. Spesiale erkenning is verleen aan sewe van die 1967-Oesdag se agt uitstallers wat vandag nog uitstal asook aan sestien uitstallers wat onafgebroke sedert 1974 op die huidige terrein uitstal.

## DEUR PRODUSENTE VIR PRODUSENTE

Sedert sy ontstaan word die Oesdag besit en aangebied deur vrywillige graanprodusente-organisasies: Eers SAMPI, later – ná eenwording in die mieliebedryf in 1980 – deur NAMPO; en sedert die konsolidasie van graanorganisasies in 1999 deur Graan SA.

Die wenresep van 'n doeltreffende komiteestelsel, ondersteuning van vrywilligers uit die gemeenskappe in die graanproduksiegebiede én toegewyde personeel, het daartoe bygedra dat die Oesdag vandag wyd erken word as die grootste landbou-uitstalling in privaat besit ter wêreld.

Dieselfde determinasie van mielieprodusente wat tot die stigting van SAMPI gelei het, het in die organisasie van die Oesdag weerklank gevind, met 'n beginsel van "deur boere vir boere" wat spoedig posgevat het. As jong organisasie kon SAMPI nie juis voltydse personeel bekostig nie en lede moes self moue oprol om die werk gedoen te kry. Jaarliks het meer as 200 vrywilligers bestaande uit lede van Graan SA en sy voorgangers en hul gesinne asook mense uit die gemeenskap wat die saak van die Oesdag ondersteun, ingespring om verversings voor te berei en te bedien.




**Graan SA het tydens 'n 50 jaar-geleentheid op Vrydag, 20 Mei, die organisasie se oud-leierskap, NAMPO Oesdag-komiteelede, vrywilligers, personeel en vriende van die Oesdag onthaal. Op die foto is die landbouleierskap verantwoordelik vir Graan SA se NAMPO Oesdag oor die afgelope bykans drie dekades. Voor: Vic Mouton (Oesdagvoorsitter 2001 - 2005), Jub Jubelius (Oesdagvoorsitter 2005 - 2011), Cobus van Coller (Oesdagvoorsitter sedert 2011) en Johan Loxton (wat as Bestuurder: Kommersiële Dienste vir die afgelope 20 jaar aan die stuur van die NAMPO Oesdag se organisering staan). Agter: Jannie de Villiers (Uitvoerende Hoofbestuurder: Graan SA), Japie Grobler (Oesdagvoorsitter 1987 - 1989) en Bully Botma (Oesdagvoorsitter 1989 - 2001).**

## Landbouleierskap


Die oesdagpioniers was daarop ingestel om die Oesdag as mededingende SAMPI-produk te vestig en terselfdertyd die behoefte van produsente effektief aan te spreek. Die drie grondleggers van Bloemfontein het regdeur die beginjare 'n sterk teenwoordigheid gehandhaaf in die organisering van die Oesdag wat op Hopefield gehou is, asook die ander streeksoesdae wat sedert 1969 begin posvat het.

Mnr Kobus Kotzé het die voortou geneem in die organisering van die Oos-Transvaalse oesdag. In die Wes-Transvaal het mnr Callie van Wyk van Ottosdal leiding geneem. Mnr Paul Jordaan was vanaf 1974 die Oesdagvoorsitter en is in 1983 deur Van Wyk opgevolg.

Teen die vroeë tagtigerjare is die amptenary ondersteun deur 'n reëlingskomitee bestaande uit vrywillige produsente wat nie noodwendig op die Hoofbestuur

"ONS SAL DAARTEEN MOET WAAK OM NIE TOE TE LAAT DAT DIE OESDAG IN 'N VLOOIMARK ONTAARD NIE. DIE DOEL VAN DIE OESDAG IS OM AAN INSETVERSKAFFERS DIE GELEENTHEID TE GEE OM OP 'N PERSOONLIKE BASIS MET ONS BOERE KONTAK TE MAAK EN SODOENDE DIE JONGSTE TEGNOLOGIE OP DIE GEBIED VAN LANDBOU AAN HULLE OOR TE DRA."

*– Mnr Giel van Zyl, Hoofbestuurder van NAMPO; 1996.*



**Die eerste geboue het in 1974 op die permanente Oesdagterrein verrys. Hier word die vloer van een van die restaurante gegooi.**

> "VANJAAR – EN IN DIE TOEKOMS – SAL DIE KLEM EGTER STEEDS VAL OP LANDBOU- EN LANDBOUVERWANTE UITSTALLERS. U IS OOK REEDS BEWUS VAN ONS UITGANGSPUNT DAT ONS NIE GETALLE, HETSY BESOEKERS OF UITSTALLERS, NAJAAG NIE. DIE NAMPO OESDAG IS EN BLY 'N BESIGHEIDSGELEENTHEID, WAAR 'N PLATFORM GESKEP WORD VIR INSETVERSKAFFERS EN PRODUSENTE TEN EINDE INGELIGTE PRODUKSIE- EN AANKOOPBESLUITE TE NEEM."
>
> *– Mnr Vic Mouton, Oesdagvoorsitter, tydens 'n perskonferensie in 2002*

van NAMPO gedien het nie. Enige lid van die publiek kon as vrywilliger by die Oesdag diens doen. Na 'n paar jaar is so 'n persoon gewoonlik genader om op 'n komitee te dien en kon selfs later as voorsitter van 'n komitee of die Oesdag-komitee aangewys word.

'n Besluit deur die Hoofbestuur van NAMPO om die Oesdagkomitee onder die beheer van die Hoofbestuur te plaas in die tagtigerjare, het meegebring dat die Oesdagkomitee se voorsitter voortaan 'n gekose hoofbestuurslid van NAMPO moes wees. Hierdeur is die beheer van die Oesdag as 'n prominente kommersiële diens opnuut met dié van die organisasie belyn.

Mnr Japie Grobler – destyds 'n lid van die Oesdagkomitee én hoofbestuurslid van NAMPO – is gevolglik in 1987 verkies tot Voorsitter van die NAMPO Oesdagkomitee as 'n werkskomitee van die NAMPO Hoofbestuur. Grobler – 'n bekende landbouleier wat ook die enigste persoon is wat op die hoofbestuur van SAMPI, NAMPO en Graan SA gedien het – het hierdie posisie tot en met 1989 beklee. Die komitee-stelsel – wat vandag steeds in gebruik is – het gesorg dat die ratwerk seepglad funksioneer en was teen 1987 saamgestel uit 'n dagbestuur asook 'n demonstrasie-, kroeg-, skakel-, terrein-, vee-, verversings-, boerdery en boerepatentekomitee.

'n Volgende besluit van die Hoofbestuur het behels dat alle gekose hoofbestuurslede tydens die Oesdag moes aanmeld vir werk. Die wat nie kon nie, moes met NAMPO se voorsitter uitklaar waarom hulle nie kan diens doen nie.

Die Oesdagvoorsitters vanaf 1987 was soos volg:

- Mnr Japie Grobler van Bothaville (1987 - 1989)
- Mnr Bully Botma van Bothaville (1989 - 2001)
- Mnr Vic Mouton van Koster (2001 - 2005)
- Mnr Jub Jubelius van Hennenman (2005 - 2011)
- Mnr Cobus van Coller van Viljoenskroon (2011 - 2016)

## Senior amptenare van die Oesdag

### *Hannes van Wyk, Besturende direkteur: SAMPI en SAMPI Oesdagdirekteur 1974 - 1976*

Toe Marthaville in 1974 die permanente tuiste van die Oesdag geraak het – en met SAMPI se kantoor geleë op Bothaville – is die oesdagpionier, Hannes van Wyk, aangestel as Hoofbestuurder van SAMPI en terselfdertyd as Oesdagdirekteur. Sy opdrag rakende die Oesdag was om die vestiging daarvan op die plaas uit te voer en dus ook die uitleg van die terrein en demonstrasie-area te bestuur.



**Mnr Hannes van Wyk**

Twee reuse-restaurante en toiletgeriewe – die eerste geboue op die terrein – is betyds vir die 1974-Oesdag opgerig. Ander permanente geriewe het ingesluit 'n administratiewe hoofkwartier, ingangshekke, biertuin en karavaanpark. Die uitstalterrein en geboue het 16 ha beslaan.

Die mobiele demonstrasies van die 1974-Oesdag het voorsiening gemaak vir stropers, dorsmasjiene en plukkers, droërs en massahantering-balers, harke, hamermeulens, stoppelbewerkingsimplemente; ploeë, kunsmisstrooiers, planters, skoffel- en grondbreekimplemente asook spuittoerusting.

Verskeie insetverskaffers het spontaan ingespring en kosteloos gehelp om Marthaville in 'n volwaardige Oesdagterrein te omskep. Massey Ferguson het die plaas van hoek tot kant gratis omgeploeg terwyl brandstof vir die trekkers deur Shell geskenk is. Pioneer Saad het die saad gegee, Fedmis die kunsmis, Ciba Geigy die onkruiddoders, VETSAK die spuitapparaat, implemente is deur verskeie maatskappye verskaf en ses werkershuise is gratis deur TAFSCO opgerig.

*Die Landman* (Februarie 1974) beskryf die ontwikkeling van die Oesdagplaas as "'n skitterende voorbeeld van samewerking en spanwerk tussen SAMPI se Oesdagbestuur en 'n aantal private maatskappye en koöperasies wat die dienstema van die Oesdag op die hart gedra het." In die jare wat gevolg het, is strukture soos die Hopefield- en Donkerhoek-sale opgerig. 'n Vliegveld is gevestig asook ablusiegeriewe by die karavaanpark. 'n Beeskompleks het in 1978 gevolg.

**WAT IS ONDER DIE SWART DOEK?**

**IN DIE BEGINJARE IS PROBLEME ONDERVIND OMDAT BAIE VAN DIE VERVAARDIGERS NIE AAN DIE OESDAG WOU DEELNEEM NIE. HANNES VAN WYK VERTEL VAN EEN TREKKERMAATSKAPPY WAT HARDNEKKIG GEWEIER HET OM AAN DIE OESDAG DEEL TE NEEM. DIE REËLINGSKOMITEE HET TOE EEN VAN DIE MAATSKAPPY SE TREKKERS IN DIE MIDDEL VAN DIE TERREIN GETREK EN ONDER 'N SWART DOEK TOEGEGOOI, WAT NATUURLIK BAIE AANDAG GETREK HET. DIT WAS BLYKBAAR DIE LAASTE KEER DAT DIÉ MAATSKAPPY NIE DEEL VAN DIE OESDAG WAS NIE.**

Wat verversings betref, mag niemand anders as die Oesdagkomitee enige verversings op die terrein gebring het nie. 'n Sterk vrywilligerskorps was dus onontbeerlik. Die slag van skape en beeste en die verwerking daarvan was 'n grootskaalse aktiwiteit in die week voor die Oesdag. Vrywilligers is gedurende die Oesdag ingespan om die braaiwerk te doen en slaai te maak. Hierdie vrywilligers het bestaan uit produsentelede, lede van hul gesinne asook mense uit die gemeenskap.

Sedert 1974 is 'n damesprogram aangebied. Dit het uit sprekers, demonstrasies en 'n modeparade bestaan.

## DIT WAS DAREM NIE ALLES WERK EN GEEN TYD VIR SPEEL NIE...

- *Die Landman* (voorganger van *SA Graan/Grain*-tydskrif) van April 1974 berig soos volg: "Vir die aande is daar vuurwarm vermaak. Dit sluit in 'n verskeidenheidskonsert, 'n kabaretvertoning en 'n Oesdagbal."
- Hannes van Wyk vertel in April 1989 aan *Mielies/Maize* dat na afloop van die vroegste Oesdae se verrigtinge, daar in 'n tent tot ligdag gedans en jolyt gehou is "dat selfs die tent byna in die stof gebyt het."

### *Dennis von Abo, Oesdagdirekteur 1976 - 1987*

Danksy 'n bemarkingsloopbaan in die meganisasiebedryf was mnr Dennis von Abo instrumenteel om 'n gesonde basis van werktuig- en implement-uitstallers by die Oesdag te vestig. Onder sy beheer het die Oesdag uit sy 1974-skoene tot 'n volwaardige landbouskou ontwikkel.

In 1977 is die eerste buitelandse deelname aan die trekker- en implement-demonstrasies aangeteken toe 'n vervaardiger van die destydse Rhodesië deelgeneem het. Demonstrasies is op vier persele aangebied wat oesdaggangers in staat gestel het om die volle reeks demonstrasies op vasgestelde tye te kon besoek.

Die 1982-oesdag kan beskou word as 'n mylpaaljaar aangesien verskeie voltooide permanente geboue op die terrein in gebruik geneem is, waaronder die NAMPO/Shell-inligtingsentrum. Die oesdagkantore is hier gehuisves asook 'n sitkamer en kroegarea vir belangrike gaste. Volgens Dennis kon hy deur onderhandeling met mnr Church van Niekerk van Shell ook Kaaps-Hollandse geelhouttafels en riempiestoele asook 'n ingeboude soliede hout kroegtoonbank as skenking verkry.

Ander voltooide geboue wat in 1982 in gebruik geneem is, het ingesluit:

- NAMPO Museum (geborg deur Mobil)
- Malcomess-gebou
- Ford opleidingsentrum
- Bayer SA-gebou
- Vetsak-gebou
- International Harvester-gebou
- Natuurgroei-gebou
- Spartan Cages-gebou
- Rietvlei-saal (later omskep in die Klub 200-restaurant en tans die Graan SA ledelokaal)

Wat demonstrasies betref, is die eerste dag gewy aan statiese uitstallings. Op die tweede en derde dag het 'n grootskaalse demonstrasie van werktuie plaasgevind met die statiese uitstallings steeds daar vir besigtiging. Sedert 1983 is die demonstrasies in verskillende kategorieë aangebied om toeskouers in staat te stel om werktuie en implemente direk met mekaar te vergelyk. Vanaf 1987 is trekkers volgens kilowatt-grootte gegroepeer.



**Mnr Dennis von Abo**

Verskeie kultivarproewe en NAMPO maksimumopbrengsproewe was ook gereed vir die Oesdag van 1982. Hierdie ontwikkelings is in 1983 voortgesit, toe die Beeskompleks en die Trek-toegangshekke in gebruik gestel is. Die Fanie Ferreira-saal (vernoem na die laaste voorsitter van SAMPI en eerste voorsitter van NAMPO) met bedieningsruimte vir meer as 1 200 mense tegelyk, danksy 'n borgskap van Total, is in 1983 in gebruik geneem. Hierna is die skaapkompleks en die Mielieraadgebou in 1984 en die perdekompleks in 1985 voltooi. Die Fanie Ferreira-saal se onderdakstoep is in 1988 bygevoeg. 'n Biertuin en 'n teekamer vir ander lafenisse is ook ingestel.

'n Gebou wat veral aan sy inisiatief te danke is, is die Museum – wat deesdae bekend staan as die Engen Museum. Von Abo het die borge en die trekkers en toerusting wat in die museum uitgestal word – wat tot 1917 terugdateer – ingesamel. Hy was ook verantwoordelik vir die ontstaan van die NAMPO/Fedmis Boerepatentekompetisie in 1985. Omnia het die borgskap sedert 1988 oorgeneem en teen 2013 is die kwarteeubestaan van die gewilde oesdagattraksie gevier.


Von Abo het daarin geslaag om oor tyd 'n uitstekende span plaas- en terreinwerkers op Marthaville te vestig, wat vir hul bydrae tot die Oesdag se ontwikkeling verdien om vermeld te word.



'n Foto wat dateer uit die laat sewentigerjare beeld die opwinding uit van 'n demonstrasie deur 'n bespuitingsvliegtuig tydens die Oesdag.



Mnre Fanie Ferreira (links) en Dennis von Abo lê die eerste stene van die Fanie Ferreira-saal op die NAMPO-terrein.



Video: 'n Gees van samewerking tussen die produsente, vrywilligers en personeel het deurentyd geheers – mnr Giel van Zyl.




Natuurgroei se nuwe gebou op hul standplaas was voltooi vir die 1982-Oesdag.



Malcomess se splinternuwe kompleks in wording op die Oesdagplaas – 1982.



Mnr Giel van Zyl



Video: Nuwe reëls is deur die Oesdagkomitee ingestel en moes toegepas word – mnr Giel van Zyl.

### *Giel van Zyl, Bestuurder Administrasie van NAMPO 1983 - 1992; Hoofbestuurder van NAMPO 1992 - 1999; Hoofbestuurder van Graan SA 1999 - 2001*

Sedert mnr Giel van Zyl hom in 1983 by NAMPO aangesluit het, was die Oesdag deel van sy bestuursverantwoordelikheid. As skakel tussen die destydse Hoofbestuurder, dr Piet Gous, en die Oesdagkomitee was hy onder andere getaak met strategiese oesdagbeplanning en om te verseker dat dit uitgevoer word – iets wat Van Zyl se persoonlike vermoë om groot planne innoverend tot in die fynste detail uit te voer soos 'n handskoen gepas het.

Die eerste deel van die langtermynstrategie met die Oesdag was om dit landwyd erken te kry. Hoewel dit reeds 'n sterk staanplek in die mark ontwikkel het, was die Oesdag teen 1983 nog in kompetisie met ander landbouskoue. Dit was ook nie 'n gegewe dat uitstallers elke jaar sou deelneem nie en daar was ruimte om dit te omskep in landbou-uitstallers se voorkeur tentoonstellingsplatform.

Met die doel om dit na 'n handelskou van wêreldformaat te laat ontwikkel, is 'n visie- en missiestelling wat deur die Oesdagkomitee opgestel is deur NAMPO se Hoofbestuur aanvaar. Hierna was dit duidelik dat tyd en energie belê moes word in die uitbreiding van die standaard van die oesdagterrein en fasiliteite, verskerping van uitstallersreëls en 'n hernude fokus op die uitbou van die Oesdag se karakter as 'n suiwer landbouhandelskou.

"In die vroeë tagtigerjare was die terrein nie omhein nie en uitstallers en besoekers het oral geparkeer. Die feestelike atmosfeer is verder beklemtoon deur die biertuin wat in die middel van die terrein geleë was. Uitstallers het ook beperkte reëls gehad om by te hou," vertel Van Zyl.

Gedurende die jare wat gevolg het, het die Oesdagkomitee strenger reëls neergelê, soos dat geen uitstaller gedurende die Oesdag op die terrein mag kom met 'n voertuig nie. Verder is die duur van die Oesdag verleng van een en 'n halwe dag na drie dae en uitstallers se kontrakte is sodanig verander dat werktuig- en implementvervaardigers moes onderneem om hulle goedere uit te stal. Deelname aan beheerde demonstrasies was ook nou verpligtend.

Van Zyl vertel verder dat dit nie aldag maklik was om die reëls wat deur die komitee neergelê is, af te dwing en toe te pas nie. Menige uitstallers kan getuig van die toegangshekke wat vir uitstallers ingestel is – en hoe dit spoedig as die "vloekhekke" begin bekend staan het. Hoewel dit 'n uitdaging was om uitstallers gewoond te maak aan die nuwe huisreëls, is 'n standaard sodoende gestel wat die Oesdag se organisasie en statuur gelykstel met dié van menige internasionale landbouhandelskoue.

Vanaf 1983 is kos ook by ander punte op die terrein voorsien as net in die restaurante. Wegneemetes en koeldrankkiosks is sedert 1984 op 'n groter skaal ingestel.

In 1988 het die Oesdag weens 'n bogemiddelde reënseisoen gevaar gestaan om afgestel te word. Volgens Van Zyl was die terrein na meer as 900 mm reën deurdrenk en dat vinnige optrede nodig was. Gevolglik is dreineringspompe ingespan om die terrein betyds droog te lê.

Deur skakeling met insetverskaffers kon hy maatskappye oortuig om as borge betrokke te raak by die oprigting van sale wat onderdak uitstalruimtes op die terrein sou uitbrei, maar ook meer permanensie sou verleen aan maatskappye se verbintenis met die Oesdag. Voorbeelde hiervan was die Sentraoes-saal, Foskor Mediasentrum, Eskom-saal, die LNR-gebou en die eerste fase van die huidige Afrox-gebou.

Maatskappye se vertroue in die Oesdag as 'n strategiese handelskou is verder bevestig deur hul investering in permanente strukture op hul standplase. Teen 1996 is nuwe geboue opgerig deur Staalmeester, Interlov, Sanvet, Pumpmaker en Mercedes-Benz. NAMPO het hierop gereageer deur permanensie in die infrastruktuur, geriewe en fasiliteite op die terrein te skep. In dieselfde jaar is die Roodebank-saadkompleks ingewy en die vernuwing van die Donkerhoek-saal het gevolg.

Erkenning word gegee aan die argitek, Freek du Plessis, wat baie gratis hulp met planne gegee het, Willem le Roux, die bouer wat meeste van die geboue se steenwerk

**NOMMER, ASSEBLIEF!**

- **TEEN 1983 IS TELEFOONGERIEWE BY VYFTIEN STANDPLASE BESKIKBAAR GESTEL.**
- **NA 'N TYDELIKE SELFOONTORING IN 1996 GESORG HET VIR SELFOONVERBINDINGS, HET MTN EN VODACOM IN 1997 'N PERMANENTE TORING OP DIE TERRE IN OPGERIG.**

gedoen het en Dappies Venter wat bykans al die staalstrukture van geboue opgerig het – weliswaar teen vergoeding maar met besondere lojaliteit teenoor die Oesdag.

Van Zyl se visie om 'n groot saal wat 127 uitstallers kan huisves en nagenoeg 3 600 $m^2$ beslaan, is verwesenlik toe die NAMPO Saal tydens die 1998-Oesdag in gebruik geneem is. Hierdie moderne toevoeging tot die onderdak uitstalruimte is afgerond toe dit toegerus is met matte en professionele uitstalhokkies. Die uitstalmetode, wat deur mnr Johan Loxton ingestel is, is sedertdien na elkeen van die sale op die terrein uitgebrei.


**Die NAMPO Oesdag-handelsmerk was nog in gebruik tot met Graan SA se stigting in 1999. Hoewel die naam behoue gebly het, staan die skou sedertdien amptelik bekend as Graan SA se NAMPO Oesdag.**



**Drie van die harde werkers in die Fanie Ferreira-saal. Van links verskyn Petra Kruger, Annatjie van Zyl en Theresa Jordaan. Hier is hulle in druk gesprek besig om 'n ernstige probleem wat opgeduik het, op te los. Petra was teen 1991 in beheer van die spysenering en Annatjie in beheer van die ontbytsessies.**



**Die mense stroom die Fanie Ferreria-saal binne en dit moet hier vat, daar vat en raak vat! Soos dit maar elke jaar die geval is, het al die vrywillige helpers en helpsters uur na uur die aanslag van honger mae getrotseer. Dank gaan aan al die vroue wat op dié wyse hul plekke oor jare vol gestaan het.**



**Video: Mnr Giel van Zyl vertel hoe 'n dame van Mpumalanga oor die foon vir NAMPO Park water aangewys het.**





**'n Toneel wat spreek van 'n miernes van bedrywighede tydens die tweede dag van die 1985 NAMPO Oesdag.**



Die NAMPO-saal wat in 1998 in aanbou was.



Klankgreep: Vertelling oor die oprigting van die NAMPO-saal – mnr Giel van Zyl.

Globalisering het daartoe gelei dat internasionale deelname, naamlik afvaardigings én individuele of georganiseerde uitstallers, reeds sedert die tagtigerjare 'n algemene gesig by die Oesdag geword het. Die *Western Australian Regional Manufacturers* het in Suid-Afrika se politieke sanksiejare besluit om hier te kom uitstal aangesien Wes-Australië se landboutoestande met dele van Suid-Afrika ooreenstem. Die Australiese paviljoen is uiteindelik in die vroeë 1990's as die Oesdag se eerste internasionale paviljoen gevestig.

## *Gemeenskappe*

Die NAMPO Sekondêre Landbouskool en Hoërskool Bothaville se leerders het jaarliks tydens die Oesdag kom diens doen op die terrein, waarvoor die skole 'n bedrag ontvang het en in ruil van die fasiliteite kon gebruik vir skoolfunksies. NAMPO Sekondêr is vandag steeds betrokke by die Oesdag.

Nog 'n plaaslike gemeenskapsinisiatief wat ontstaan het, was die Mieliehoofstad Toerismeforum se gastehuisprojek wat nie net gastehuise nie, maar ook privaat wonings wat aan die sogenaamde mieliegradering voldoen, betrek om akkommodasie tydens byvoorbeeld die Oesdag en Kongres te verskaf. Teen 1995, toe die projek afgeskop het, was die bedbesetting op 80 gaste aangeteken. 'n Totaal van 200 gastehuise in die Bothaville-omgewing en buurdorpe het egter akkommodasie aan ongeveer 5 400 besoekers verskaf gedurende NAMPO 2016.

Die Rotariërklub asook die Hervormde Kerk van Bothaville was die eerste gemeenskapsorganisasies wat wegneemetekiosks as fondswerwingsaksie bedryf het, terwyl al die ander restaurante en kospunte onder beheer van die Oesdag was








Die Muur van Herinnering is in 1998 opgerig.

## MUUR VAN HERINNERING KRY STAANPLEK OP NAMPO PARK

Hennenman Boerevereniging het in 1998 'n inisiatief van stapel gestuur om 'n gedenkmuur op te rig wat ten doel het om 'n versamelpunt vir name van slagoffers van plaasaanvalle te wees. Hierdie Muur van Herinnering is 'n monument ter nagedagtenis aan die produsente en hul families wat sedert 31 Mei 1961 in plaasaanvalle dood is.

Aangesien NAMPO Park se sentrale ligging dit ideaal maak vir die verering van slagoffers van plaasaanvalle het die NAMPO Oesdagkomitee ingestem dat die gedenkmuur op die terrein digby die hoofingang opgerig word. Teen 2016 was meer as 2 000 name reeds op die muur aangebring.



**Mnr Johan Loxton**

en deur vrywilligers beman is. Broekman Studiegroep sou in die jare wat volg betrokke raak by die bemanning van die biertuin en Allanridge Studiegroep by die toegangshekke. Nagenoeg 500 vrywilligers het in die stadium gedurende 'n Oesdagweek kom skouer aan die wiel sit.

### *Johan Loxton, Bestuurder: Administrasie en later Bestuurder: Kommersiële Dienste van NAMPO en toe Graan SA 1996 - 2016*

Toe Loxton hom in 1996 by NAMPO aansluit as Bestuurder: Administrasie was die basis van die Oesdag en die infrastruktuur op die terrein gevestig. Met 'n menslike hulpbronbestuur- en sake-agtergrond sou sy uitdaging wees om in samewerking met die Oesdagkomitee hierdie eiesoortige landbou-handelstentoonstelling voortdurend te laat aanpas by die nuutste neigings en om aan die voorpunt van tegnologie te bly.

Loxton het 'n sleutelrol gespeel in die ontwikkeling van infrastruktuur (elektrisiteitverspreiding, waterretikulasie, rioolstelsel en vullisverwydering) sowel as die algemene modernisering van die administrasie, uitstallingsmetodes, fasiliteite en kommunikasie. Hy vertel dat deurlopend gefokus is op die inhoud van wat aangebied is en die wyse waarop die Oesdag bestuur is.

Namate kommersiële boerderye ter wille van volhoubare winsgewendheid begin diversifiseer het, het die keuse van uitstallers en die fasiliteite dinamies in pas gebly met nuwe ontwikkelings en die nuutste boerderytegnologie ten einde vandag so te sê aan elke faset van landbou aandag te gee.

Wat getal uitstallers en bywoning betref, het die Oesdag sedert die deregulering van landboubemarking in 1997 oor die afgelope twee dekades bykans verdubbel. 'n Egalige verspreiding van besoekers oor die vier dae is onder andere bereik deur die georganiseerde program vir elke dag dieselfde te maak.

> **"DIE ALGEMENE TERUGVOER VAN UITSTALLERS IS DAT DIE VOLUME BESIGHEID GEDOEN BO VERWAGTING IS EN IN BAIE GEVALLE SELFS DIE VORIGE JARE SE SYFERS OORTREF. EWENEENS IS DIE TERUGVOER VAN BESOEKERS SPONTAAN POSITIEF OOR DIE HOË STANDAARD VAN UITSTALLINGS EN VAN DIE TERREIN."**
> ***– Mnr Jub Jubelius, Oesdagvoorsitter; 2006.***

### *In pas met verandering*

Ten einde top uitstallers te betrek en om tred te hou met die konstante groei van die Oesdag is NAMPO Park se infrastruktuur doelmatig ontwikkel en op aanbeveling van die Oesdagkomitee het NAMPO en later Graan SA jaarliks fondse teruggeploeg in die opgradering van die terrein en die fasiliteite.

Die Oesdag sou nie die impak van 'n afname in openbare dienslewering kon vryspring nie en dit was voor die hand liggend dat NAMPO Park selfvoorsienend moes word vir die huidige behoeftes en vir die toekoms. Tegnologie en hulpmiddels is dus ingespan om moderne stelsels vir kragverspreiding, waterverspreiding en riolering te installeer.

Ondersteuningsdienste vir veiligheid en ramphulp op die terrein is vroeër jare deur Bothaville se plaaslike owerheid verskaf. 'n Beheersentrum is egter in 2010 ingerig wat tydens die Oesdag deurlopend in kontak is met die SAPD, verkeersowerhede, mediese nooddienste, lugverkeerbeheer en al die dienste op die terrein ten opsigte van elektrisiteit, gas, riool, vullisverwydering en brandbestryding. Deur samewerking met provinsiale verkeersowerhede is toegangsroetes na en van die Oesdagterrein verbeter.









**Waar die Oesdag in 1967 met net agt uitstallers en 'n tydelike terrein afgeskop het, spog Graan SA se NAMPO Oesdag teen 2016 met 'n moderne, toegeruste terrein wat meer as 650 uitstallers met gemak kan huisves.**

> **"BUITEN DAT DIE NAMPO OESDAG WÊRELDWYD VIR SUID-AFRIKA ONGELOOFLIKE GOEIE REKLAME MEEBRING, IS DIT 'N ABSOLUTE NOODSAAKLIKE GEBEURTENIS VIR ENIGE KOMMERSIËLE BOER. DIT IS DIE PLEK WAAR JY ALLES BYMEKAAR OP EEN PLEK SIEN EN AANKOOPSBESLUITE KAN NEEM. HIER IS OOK ONGELOOFLIKE NETWERKGELEENTHEDE. DIT IS DIE PLEK OM TE WEES AS JY IN LANDBOU IS."**
>
> ***– Mnr Johan Loxton, Bestuurder: Kommersiële Dienste van Graan SA; 2015.***

**TOE EN NOU: UITSTALLERS- EN BYWONINGSGETALLE**

| Jaar | Getal uitstallers | Bywoning |
|---|---|---|
| 1967 | 8 | 203 |
| 1974 | 32 | "Duisende egte boere" |
| 1983 | 175 | 13 000 |
| 1996 | 280 | 42 000 |
| 2000 | 516 | 50 400 |
| 2005 | 576 | 68 802 |
| 2010 | 650 | 68 900 |
| 2015 | Meer as 650 | 69 584 |
| 2016 | 685 | 75 116 |

Hoewel voorafverkope van kaartjies sedert 2006 ingestel is, is 'n elektroniese kaartjiestelsel wat aanlyn-aankope bied, toegangsbeheer optimaliseer en akkurate bywoningsyfers verseker, sedert 2015 in samewerking met TicketPro geïmplementeer.

Die uitgebreide Oesdagkomitee van weleer is intussen meer vaartbelyn gemaak. Sedert die verversings grootliks op tenderbasis aan organisasies toegeken word, is die komitee meer koördinerend van aard. Die Oesdagvoorsitter word bygestaan deur 'n ondervoorsitter en sameroepers van die meganisasie- en 4x4-demonstrasies en vee-uitstallings terwyl die algemene bestuur, terrein, administrasie, funksies en spysenering deur Graan SA-personeel hanteer word.



Die beheerde werktuig- en implementdemonstrasies was vir sowat 40 jaar 'n kernaspek van die Oesdag.




In pas met die tyd...besoekers aan NAMPO kan sedert 2015 kaartjies aanlyn deur TicketPro koop.

**"GRAAN SA SE NAMPO OESDAG MAAK 'N ANDER WÊRELD VIR 'N MENS OOP. 'N PRODUSENT SE BEHOEFTE EN FOKUS OP SY PLAAS IS ELKE JAAR ANDERS EN ONDER HIERDIE GROOT OESDAG-SAMBREEL IS DAAR IETS OM ELKE PRODUSENT SE SPESIFIEKE BEHOEFTE JAARLIKS TE BEVREDIG."**

*– Mnr Cobus van Coller, Oesdagvoorsitter; 2012.*



Klankgreep: Volgens mnr Johan Loxton het uitstallers se aanbiedingsmetodes oor tyd verander, maar die Oesdag se doelwitte het dieselfde gebly.

**"NAMPO IS 'N VOORLOPER IN DIE TRANSFORMASIE VAN LANDBOU IN ONS LAND. EK HET NOG NOOIT SO BAIE SWART BOERE GESIEN WAT 'N VERHAAL VAN VERANDERING VERTEL NIE."**

*– 'n Twiet deur Prof Jonathan Jansen, rektor van die Vrystaatse Universiteit, na sy eerste besoek aan die Oesdag; 2012.*



**NAMPO Park se aanloopbaan vir ligte vliegtuie en helikopters word goed benut gedurende die Oesdagweek.**





**Die 4x4-demonstrasiebaan trek jaarliks groot groepe toeskouers.**

### *Hoogtepunte en mylpale*

Uitbreidings, opgraderings en aktiwiteite wat gerealiseer het met Johan Loxton aan die stuur van Oesdagsake, was soos volg:

- Geboue wat in samewerking met uitstallers opgerig is, sluit in Senwes, Omnia, Claas, Northmec en SA Truck Bodies. Verskeie uitstallers het ook die permanente strukture op hul standplase opgegradeer.
- Die toegangspad is vanaf die hoofingang op die terrein geteer, grondpaaie is geplavei en bykomende grasperke is tussen die geboue en op standplase gevestig.
- Onderhandelings met John Deere wat al in Van Zyl se tyd begin het, is deur Loxton voortgesit en uiteindelik met besondere ondersteuning van Mouton as Oesdagvoorsitter deurgehaak.
- 'n Nuwe aanloopbaan vir ligte vliegtuie en helikopters – met 'n bemande beheertoring tydens die oesdagweek – is in 1999 op die terrein gevestig en word deur uitstallers, besoekersgroepe, private vlieëniers en landbouprodusente gebruik. Tydens NAMPO 2016 het 448 vliegtuie en/of helikopters daar geland.
- Die eerste fase van 'n eie elektrisiteitsverspreiding-projek op die terrein is in 2000 voltooi en 'n substasie en vier transformators is in die jaar in gebruik geneem. As een van die grootste kapitaalprojekte tot op daardie stadium, het Botma hom goed van sy taak as Oesdagvoorsitter gekwyt om die Dag- en Hoofbestuur van NAMPO se steun vir die projek te verkry.
- 'n 4x4-hindernisbaan is in 2000 aan die suidekant van die terrein ontwikkel en weer in 2008 opgegradeer.
- In 'n steekproef op Woensdag, 15 Mei 2001, is 5 800 produsente by die beheerde implement- en werktuigdemonstrasies getel.
- 'n Mieliehop Pendeldiens na en van NAMPO Park word sedert 2001 deur die Mieliehoofstad Sakekamer in samewerking met die taxidrywers uit die gemeenskap van Bothaville bedryf. Geborgde voertuie word ook ingespan. Die diens is sedertdien uitgebrei om selfs op aanvraag 'n roete vanaf Gauteng en elders in te sluit.
- Nuwe standplase, uitstalruimtes, geplaveide paaie en toiletgeriewe is jaarliks geskep en het meegebring dat die Oesdagterrein stelselmatig sedert 2001 in 'n suidelike rigting uitgebrei het.
- As gevolg van praktiese omstandighede is die restaurante en wegneemetekiosks sedert 2001 aan instansies wat op fondsinsameling aangewese is, soos skole, kerke en boereverenigings, op 'n tenderbasis toegeken.



**Graan SA het tot sowat 2001 van vrywillige kombuiswerkers gebruik gemaak.**



**Prof Jonathan Jansen, Rektor van die Vrystaatse Universiteit, (middel) in die BBP-ontvangslokaal tydens sy besoek aan die Oesdag in 2012. Saam met hom is mnre Jannie de Villiers en Anton Botha van Graan SA.**



**Deel van die spesiale behandeling vir Graan SA-lede is 'n ledeparkeerarea en vervoer daarvandaan na die ledelokaal.**



**Graan SA-lede word in die ledelokaal getrakteer.**

- Graan SA se nuwe BBP-ontvangslokaal is in 2002 in gebruik geneem.
- Teen 2002 is bykans 80 ha ingespan vir die praktiese meganisasie-demonstrasies.
- 'n Ligte vliegtuig word sedert 2003 gebruik om die verkeer te monitor en verkeersverslae beskikbaar te stel.
- Die grootste getal werktuie en implemente in die geskiedenis van die Oesdag is in 2004 gedemonstreer oor 'n wydte van nagenoeg 4 km.
- 'n Ledelokaal vir uitsluitlike gebruik van Graan SA se volopbetaalde lede, is in 2006 op die terrein ingerig. Die lokaal is in 2014 na die ou Klub 200-gebou verskuif aangesien dit nader aan die lede-parkeerarea geleë is en beter fasiliteite bied om gaste te ontvang.
- Hoewel die beheerde meganisasie-demonstrasies vir sowat 40 jaar 'n belangrike komponent van die Oesdag was, het die Oesdagkomitee, na goedkeuring deur die Hoofbestuur van Graan SA, ingestem dat daar vanaf 2009 nie meer praktiese demonstrasies aangebied word nie. Die besluit is geneem om uitstallers van werktuie tegemoet te kom in hul poging om kostes – en meer spesifiek die vervoer van die werktuie – te beperk en om hul voortgesette deelname aan die Oesdag te verseker.
- Uitstallers wend sedertdien rekenaartegnologie, elektroniese tentoonstellings en selfs gesimuleerde ervarings op hul standplase aan om hul statiese uitstallings te ondersteun.






**Die Oesdag se rol as gespreks- en dialoogplatform het sedert 2013 beslag gekry met die Nasie in Gesprek-forum waarvan daar tydens die Oesdagweek TV-opnames gemaak en dan wyd gebeeldsend word. Dié toevoeging stimuleer diskoers wat gevoer word oor aktuele landbousake asook makro-faktore wat die ekonomie en samelewing beïnvloed.**

- 'n Ekonomiese impakstudie wat in 2008 deur die Vrystaatse Universiteit uitgevoer is, het aangedui dat die spandering deur besoekers aan Bothaville sowat R7 miljoen tydens die Oesdag beloop terwyl uitstallers se spandering R3,5 miljoen bedra het.
- 'n Opknappingsprojek van die beeskompleks se voorste gedeelte het in 2011 afgeskop en is teen 2015 voltooi.
- 'n Ploegkompetisie, wat as kwalifiseerder vir die Wêreld Ploegkompetisie gedien het, is tussen 2013 en 2015 tydens die Oesdag deur Graan SA in samewerking met Tubestone aangebied.
- 'n Afslaerskompetisie word sedert 2015 in samewerking met die tydskrif, *Veeplaas,* en Toyota in die veilingskompleks aangebied.
- Die eerste fase van die 8 000 $m^2$-uitbreiding van uitstalruimtes op die ou suidelike parkeerarea – asook die skep van 'n nuwe parkeerarea aan die suidekant van die terrein – is gedurende die Oesdag van 2013 in gebruik geneem.
- Die gewilde Nasie in gesprek-gesprekforum – waarin Graan SA, Senwes en ander maatskappye vennote is – betrek sedert 2013 denkende leiers uit verskeie affiliasies, politieke agtergronde en die besigheidsektor om tydens die Oesdag dialoog te voer oor landbousake van nasionale belang en oplossings te vind om die landboubedryf se toekoms en lewensvatbaarheid te verseker.
- Na die bywoning van die Damesprogram oor tyd afgeneem het, het die SAMPI-saal sedert 2015 plek gemaak vir 'n wyer verskeidenheid van damesgerigte uitstallers.
- Verskeie saadmaatskappye neem deel aan saadplotte wat in 2015 op die nuwe deel van die terrein gevestig is. Die toevoeging gee oesdaggangers die geleentheid om verskaffers se kultivars in praktiese produksieomstandighede te bekyk en te vergelyk.




**Spesiale voorsiening word vir lede van die plaaslike en oorsese media gemaak by Graan SA se mediasentrum.**




**'n Gratis trekker-en-waentjie-vervoerstelsel is ingestel vir individue wat minder mobiel is...en vir voete wat moeg ge-NAMPO is.**













**NAMPO se veetentoonstellings is verteenwoordigend van die meerderheid van rasgenootskappe in die land.**

# KITSFEITE OOR DIE OESDAGTERREIN

1. Die Oesdagterrein funksioneer soos 'n munisipaliteit op sy eie.
2. Elektrisiteit word sedert 2000 in grootmaat vanaf Eskom aangekoop en self op die terrein versprei.
3. Watertoevoer en -verspreiding, riolering en vullisverwydering word self hanteer.
4. Skoonmaakdienste tydens die Oesdag word self gelewer.
5. Sugslote, geplaveide paaie en dreineringspype is aangebring om die afvloei van water te verbeter en om van die standplase droog te lê.
6. Die Oesdagkomitee het in 2002 besluit om die terrein te herdoop na NAMPO Park.
7. Onderdak-uitstalruimte op die terrein beslaan tans 17 060 $m^2$ en die buite-uitstalruimtes trek die skaal op 170 630 $m^2$.
8. NAMPO Park is die tuiste van Graan SA se Oesdag en Kongres.
9. Die fasiliteite en geriewe is ontwikkel en word deur die jaar gebruik vir konferensies, veilings, troues, korporatiewe funksies en produkbekendstellings.
10. 'n Volledige spysenieringsdiens word gebied.
11. Graan SA se gastekamers op die terrein bied luukse akkommodasie.









Die Damesprogram het sedert 2015 plek gemaak vir 'n groter verskeidenheid uitstallers wat op die skoner geslag gefokus is.




**Welkom by Graan SA Radio...mnr Jannie de Villiers van Graan SA (links) is in gesprek met mnr Christie Hansen van OFM Stereo – wat Graan SA Radio jaarliks namens Graan SA bedryf.**



**Oesdagvoorsitter Cobus van Coller (links) en Johan Loxton in die elektrisiteit-beheerkamer. Elektrisiteit word in grootmaat aangekoop en self op die terrein versprei.**



**Kort voor saktyd in die Mediasentrum se nuuskantoor loop die konsentrasie hoog.**



**Mnr Charl van Rooyen van Landbouweekblad span uit oor etenstyd.**

- ’n Gratis trekker-en-waentjie-vervoerstelsel met vasgestelde roetes is in 2015 ingestel om vervoer dwarsoor die terrein te vergemaklik.
- Die toegangshekke word al vir bykans twee dekades deur Engen geborg en beman.
- Graan SA se NAMPO-handelsmerk word deurlopend uitgebou en versterk deur middel van die volgende mediums:
  - NAMPO Oesdag-webtuiste
  - Skakeling met landbou- en ander media
  - Toegeruste mediasentrum op NAMPO Park
  - Mediaverklarings en perskonferensies
  - Inligtingskantoor op NAMPO Park
  - Spesiale Oesdaguitgawe van *SA Graan/Grain* in April gepubliseer
  - Gratis boekie met uitstallerslys by hekke beskikbaar
  - Uitstallerslys voorheen op ’n mobi-stelsel vir selfone beskikbaar
  - Graan SA Radio sedert 2012 op die lug vir die duur van die Oesdag. Dit word bedryf deur OFM Stereo en hou luisteraars op hoogte van verkeersvloei, gebeure op NAMPO Park, handelsnuus en aktuele landboukundige inligting
  - NAMPO Oesdag toep (*app*) sedert 2015 beskikbaar – bevat inligting, dagprogram, terreinkaart en nuus
  - Teenwoordigheid op sosialemedia-netwerke
- Namate kommersiële boerderye ter wille van volhoubare winsgewendheid begin diversifiseer het, het die Oesdagkomitee se keuse van uitstallers en die fasiliteite dinamies in pas gebly met nuwe ontwikkelings en die nuutste boerderytegnologie ten einde vandag so te sê aan elke faset van landbou aandag te gee.

## INTERNASIONALE DEELNAME

Die Oesdag bied ’n ideale geleentheid vir internasionale uitstallers om ondersoek te kom instel of daar ’n mark vir hul produkte in Suid-Afrika is en om kontak te maak met plaaslike verspreidingsnetwerke.

’n Afvaardiging van Argentinië het in 2008 die eerste keer aan die NAMPO Oesdag deelgeneem, wat sedertdien ontwikkel het tot ’n Argentynse paviljoen. In 2010 het sowat vyf Amerikaanse uitstallers deelgeneem terwyl nuwe produkte uit Australië ook ten toon gestel is. Vanaf 2011 het besoekersgroepe uit Afrika begin posvat.

Teen 2012 het gekombineerde uitstallings vanuit Amerika en Argentinië deel gevorm van die oorsese uitstallers, met individuele uitstallers uit Pakistan, Brasilië, Italië en Denemarke. Meer as 45 internasionale uitstallers was teen 2013 by die Oesdag betrokke.



**Die internasionale belangstelling in die Oesdag is onderstreep deur die ondertekening van 'n samewerkingsooreenkoms met die Argentynse Expoagro-skou in 2010. Nagenoeg 60 internasionale uitstallers uit nege lande het in 2015 aan die Oesdag deelgeneem.**

Internasionale afvaardigings van die volgende lande is in 2014 geakkommodeer: Amerika, Argentinië, Brasilië, Denemarke, Frankryk, Hongarye, Italië, Israel, Indië, Kanada, Oekraïne, China en verskeie Afrikalande. Nagenoeg 60 internasionale uitstallers uit nege lande het in 2015 aan die Oesdag deelgeneem.

## BETROKKENHEID VAN LEDE, GADES EN PERSONEEL

Die aktiewe deelname aan die Oesdag deur landbouleiers se gades verdien vermelding. Haddad, Van Wyk en Stegmann se gades het in die beginjare die verversings behartig. Hierdie voorbeeld is spontaan voortgesit na 1974 en oor die jare het leiers se wederhelftes diep spore getrap wat die verversings en die Damesprogram betref. Hier dink 'n mens onwillekeurig aan name soos mee. Isabel de Jager, Hettie Ferreira, Bibi von Abo, Lina Viljoen, Ida Claassen, Malie Grobler, Hannetjie Botma, Drisette Mouton, Lettie Jubelius, Ina Ferreira en Philine Steytler.

Sedert die dae van die SAMPI Oesdag – en so in NAMPO en selfs Graan SA – was dit deel van die kultuur dat kantoorpersoneel ingedeel is om tydens die Oesdag diens te doen. In die dae toe Graan SA se kantoor op Bothaville was, was dit algemeen dat die gades van senior personeel ook tydens die Oesdag diens gedoen het en selfs op die Oesdagkomitee as sameroepers gedien het, soos byvoorbeeld me Annatjie van Zyl by die verversingskomitee en me Margot Loxton by die Damesprogram. Dr Kit te Clus se gade, Lynette, was ook vir jare lank betrokke.

Graan SA se personeel word sedert 2012 toenemend in sleutelposisies aangewend asook om die organisasie in die BBP-area en die ledelokaal te verteenwoordig.

## GRAAN SA FOKUS OP LEDE ÉN BELANGHEBBENDES

Volgens Graan SA se Uitvoerende Hoofbestuurder sedert 2011, mnr Jannie de Villiers, beskou die organisasie die Oesdag as een van die beste bydraers tot die versekering van volgehou voedselproduksie en -sekerheid in Suid-Afrika en in suidelike Afrika. Dié prominente geleentheid pas dus perfek in by die visie van Graan SA as verteenwoordigende graanprodusente-organisasie.

Die Oesdag bied verder die ideale geleentheid vir alle produsente om nuwe tegnologie en ander produkte op een terrein met mekaar te vergelyk en te besluit watter produk, patent of tegnologie die beste op plaasvlak toegepas kan word. Daar is ook

## NAMPO PARK SE VLIEGVELD



JOHAN LOXTON

NAMPO Park se vliegveld het ook 'n storie of twee van sy eie om te vertel. Die oorspronklike lugbeheertoring – 'n paal- en grasdakkonstruksie – is in 2013 deur die weerlig raakgeslaan en is toe met 'n permanente staalstruktuur vervang.

In 1999 het 'n vlieënier met 'n eksperimentele vliegtuig kom land, die aanloopbaan byster geraak, oor die skoongesnyde skouer gery en mooitjies teen 'n groot klip tot stilstand gekom. En 'n vlieënier wat in 2015 nagelaat het om die vliegtuig se ankertoue vas te trek, het dit later die dag op sy dak aangetref na die parmantige Vrystaatse plaaswindjie dit beetgekry het.

Tydens NAMPO 2016 het 'n rekordgetal van 448 vliegtuie/helikopters van die landingstrook gebruik gemaak.



**Klankgreep: Produsentelede en amptenare se vroue het oor jare hul kant gebring – Giel van Zyl.**

ruim kans om met verskaffers te kommunikeer oor produkte en dienste aangesien verteenwoordigers uit die totale graanwaardeketting by die Oesdag teenwoordig is.

NAMPO is egter ook ’n belangrike inkomstebron vir Graan SA. Die inkomste hieruit word aangewend vir landbounavorsing en ander bedryfsdienste wat weer vir die produsent voordelig is, soos relevante markinligting, navorsingsdata, beeldbou sowel as onderhandeling met die regering en ander rolspelers.

Graan SA se lede ontvang rooitapyt-behandeling by die Oesdag en die organisasie bewys sy waardering vir hul lojaliteit op dié wyse. Lede kry gratis toegang en parkering naby aan ’n spesiale ingangshek vir lede. Van daar word hulle met gholfkarretjies tot by die ledelokaal vervoer. By die ledelokaal word hulle op die hande gedra met verversings en met ’n kuierarea waar ’n mens kan ontspan en gesellig verkeer.

In die ledelokaal word voorsiening gemaak vir lewendige Safex-skerms waar produsente op hoogte kan bly van bewegings in die graanmarkte. Sleutelpersoneel van Graan SA se Graanekonomie en Bemarking-, Graannavorsing- en Ontwikkelende Landbou-afdelings skakel hier met lede.

Lede van die Dag- en Hoofbestuur is deurentyd aan diens in die ledelokaal asook in die BBP-ontvangslokaal – waar konstruktiewe gespreksvoering met meningvormers uit die bedryf, regeringskringe en selfs internasionale afvaardigings en hooggeplaaste gaste plaasvind. “Verskeie gaste wat NAMPO vanjaar die eerste keer bygewoon het, is verras deur die omvang van die landboubedryf en die Oesdag. Die vlak van tegnologie wat ten toon gestel word, is vir hulle ’n verdere openbaring,” het De Villiers in ’n persverklaring op 18 Mei 2016 gesê.



**Mnr Victor Mongoato (heel regs), ’n Dagbestuurslid van Graan SA, het ’n tydjie afgeknyp vir ’n foto saam met besoekers aan Graan SA se ledelokaal.**




**“Minister Zokwana se teenwoordigheid was ’n pluimpie vir Graan SA en vir landbou in die breë. Hy is waarskynlik die eerste landbouminister sedert 1994 om die Oesdag te besoek. Dit beklemtoon die NAMPO Oesdag as ’n gesaghebbende platform vir dialoog, gespreksvoering en netwerking.” – *Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder: Graan SA, na die besoek van Senzeni Zokwana, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, aan die Oesdag in 2015.***

50 GRAAN SA/GRAIN SA NAMPO OESDAG/HARVEST DAY





**Van Graan SA se gaste tydens die NAMPO 50-jarige gedenkgeleentheid in 2016.**

**“DIE TAFEL IS NOU GEDEK VIR AKTIEWE DIALOOGVOERING BY DIE NAMPO OESDAG. EK VERTROU DAT DIE NASIE IN GESPREKSFORUM, SOOS WAT SENWES, GRAAN SA EN VENNOTE TYDENS NAMPO 2013 AANGEBIED HET ASOOK ANDER GESPREKSVOERING OOR TEGNIESE ASPEKTE, VORENTOE SELFS MEER WAARDE TOT DIE LANDBOU GAAN TOEVOEG.”**

***– Mnr Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder: Graan SA; 2013.***



**Gesinne wat onder die koeltebome uitspan is 'n bekende gesig by NAMPO.**

Die gemoedelike atmosfeer wat hier heers, is kenmerkend aan Graan SA se Oesdag en die samesyn is altyd bemoedigend. Dit is ook 'n belangrike netwerkgeleentheid vir produsente om met mekaar te kommunikeer en oplossings uit te ruil vir volhoubare produksie op plaasvlak. Gesinne met stootwaentjies wat oor die middaguur sommer onder 'n koelteboom op die gras uitspan is ook 'n bekende gesig.

## PAD VORENTOE

Graan SA se NAMPO Oesdag ressorteer sedert April 2016 onder dr Dirk Strydom, Bestuurder: Graanekonomie en Bemarking. Mnr Toit Wessels, voorheen verbonde aan Graan SA as ledebemarker in die Wes-Kaap, is intussen bevorder tot Assistentbestuurder: NAMPO Oesdag en Bemarking en neem met ingang van 1 Oktober 2016 die oesdagleisels oor met Loxton wat hom as mentor ondersteun.

## TEN SLOTTE

As terugblik oor die afgelope vyf dekades, beskryf Van Coller se kommentaar na afloop van die 50ste Oesdag in 2016 die oesdagkarakter soos volg: "Dit het oor die afgelope halfeeu ontwikkel tot 'n handelsmerk wat moderne landbou in Suid-Afrika akkuraat uitbeeld. Dit spreek tot die algemene publiek as verbruikers van ons landbouprodukte; dit spreek tot alle produsente in ons land; dit spreek tot besluitnemers in regeringskringe en die bedryf; dit spreek selfs tot die internasionale arena en die groeiende belangstelling uit die buiteland bevestig dit."

Graan SA se NAMPO Oesdag het gewis ontwikkel tot 'n integrerende deel van landbou in Suid-Afrika in geheel. Dit is 'n beproefde resep wat bestaan uit:

- Permanente fasiliteite en moderne infrastruktuur;
- rigtinggewende landbou-leierskap;
- die toewyding van SAMPI-, NAMPO- en Graan SA-hoofbestuurslede en -personeel;
- volgehoue ondersteuning van plaaslike en internasionale insetverskaffers;
- dienswilligheid van vrywilligers oor baie jare heen;
- groeiende jaarlikse bywoning deur produsente en die algemene publiek; en
- bydraes tot gemeenskappe en die streeksekonomie.

In perspektief gesien het SAMPI se lede letterlik en figuurlik die Oesdag se hoeksteen gelê en die fondasie gegooi. Die NAMPO-generasie het die gebou se struktuur voltooi en die dak opgesit. Dit het die weg gebaan vir Graan SA as 'n verenigde graan- en oliesade-organisasie om die gebou se finale afronding te doen en die aansig en interieur in te kleur om volhoubaar die pas aan te gee in die moderne era van landbou.

> **"DIE INFRASTRUKTUUR OP NAMPO PARK IS OOR JARE GESKEP EN UITGEBREI OM 'N GROOT GETAL BESOEKERS MET GEMAK TE HANTEER EN OM UITSTALGERIEWE VAN 'N HOË STANDAARD AAN UITSTALLERS TE KAN BIED. SELFS DIE AANLOOPBAAN KON VANJAAR 'N TOTAAL VAN 365 VLIEGTUIE EN HELIKOPTERS OOR DIE VIER DAE GEMAKLIK HANTEER. GRAAN SA IS GERAT OM AANSTAANDE JAAR DIE 50STE NAMPO OESDAG MET TROTS AAN TE BIED."**
>
> ***– Mnr Cobus van Coller, Oesdagvoorsitter; 2015.***

# LAG SAAM MET DIE OESDAG

*Deur Thys Human, gepubliseer in SA Graan/Grain, April 2010*

Komiese insidente wat jare later nog onthou word, is seker noodwendig een van die kenmerke van groot byeenkomste met derduisende besoekers. Die jaarlikse NAMPO Oesdag is in dié opsig geen uitsondering nie en *SA Graan/Grain* het 'n paar ou hande van die landboufamilie gevra om van dié staaltjies te deel.

Een daarvan wat baie van die manne goed onthou, is die ware storie van die oulike blondine in haar spierwit katpakkie. Mnr Bully Botma, oud-voorsitter van Graan SA, vertel dit was in een van daardie jare wat dit sommer baie meer as gewoonlik by die Oesdag gereën het. Die water het vinnig by sekere plekke opgedam en oesdaggangers moes dikwels maar by stalletjies onderdak skuiling soek.

Naby die skaapkrale en die skaapskeerders het die water 'n goeie 15 cm tot 20 cm diep gestaan en mense het daar onder 'n pilmasjien se dakkie skuiling gesoek. Een van hulle was 'n nogal oulike blondine met so 'n spierwit eenstukpakkie – "cat suits" is dit daardie dae genoem. Sy wou graag die skaapskeerders se vernuf van nader gaan bekyk maar het nie kans gesien vir die diep water nie. Een van die manne wat daar doenig was, het met haar aan die gesels geraak en toe besluit hy sal kyk wat hy kan doen. Soos 'n man wat sy bruid in die huis indra, het hy haar in sy arms opgeskep en deur die plasse water begin stap. Die blondine het eers teëgestribbel, maar die paar sterk boere-arms het haar gou gerusgestel en dit het gelyk of die behandeling haar nogal welgeval.

Dinge het goed gegaan met die draery – tot by die laaste trappie wat al toe was onder die water – en net daar trap ons galante vriend mis en slaan met blondine en al neer. Papnat en met haar wit pakkie wat nou bruin van die modder is en haar duur haredos van die oggend nou in modderslierte om haar gesig, het die besoekster haastig – en briesend – daar padgegee. Waar en hoe sy droog en skoon gekom het, weet hulle nie, maar hulle het haar nie weer gesien nie.

'n Paar weke later kry die Oesdagkomitee 'n brief van haar waarin sy aandring op vergoeding vir skade gely aan haar klere en seker ook aan haar eer en aansien. Hulle het haar toe maar laat weet dat dit nie in die galante heer wat haar deur die water gedra het, se posbeskrywing staan dat hy sulke takies moet verrig nie en dat die Oesdagbestuur dus nie verantwoordelikheid daarvoor kan aanvaar nie. Dit lyk of dit veral reën was wat dikwels groot lagstories veroorsaak het.

Mnr Kobus van Zyl, graanprodusent wat al jare by die Oesdag betrokke is, vertel dat die manne ook een jaar lank in die kroeg gaan skuil het vir die aanhoudende reën – soms TE lank. Hy stap 'n slag op die stoep uit om te kyk hoe hard dit nog reën en hier sit een van die manne met 'n visstok wat hy nugter weet waar gekry het. Aan die punt van die lyn is 'n piesang vasgemaak en hy hengel al te heerlik in die water wat 'n goeie 10 cm plas op die Vrystaatse vlaktes gemaak het.

Dit was – en is blykbaar nog – van die vrywillige werkers se gebruik om in die karavaanpark in tente en woonwaens te slaap. Een jaar, vertel Van Zyl, was hulle laataand besig om 'n vleisie te braai na die dag se harde werk, toe kom daar 'n besoeker aangestap wat lank nie meer eens op die terrein moes gewees het nie. Toe hulle hom vra wat hy nog daar soek, beduie hy met 'n sterk sleeptong dat hy net kom raad vra het. Nou watse raad kan hulle hom die tyd van die nag gee, wil hulle weet. Nee, hy wil net weet watter kant toe is KwaZulu-Natal. As hulle hom die regte koers sal wys, sal hy self regkom. Dit blyk toe dat die man met 'n busvrag vriende uit Noord-KwaZulu-Natal gekom het en toe die bus wat al vroegmiddag daar weg is, verpas het.

"Ek het hom beduie dat ek dink KwaZulu-Natal is seker so in 'n oostelike rigting. Ons het net mielies hoor kraak soos hy min of meer in daardie rigting in die mielielande verdwyn het. Maar wat van hom geword het, weet ons tot hedendag nie want ons het nooit weer van hom gehoor nie."



Mnr Jan Combrink, nog een van Graan SA se lede met jare se diens by die Oesdag, het 'n hele paar snaakse stories daar uit die "buighuis" se omgewing, soos die ou wat hulle laataand toe hulle gaan seker maak dat alle voertuie weg is van die terrein af, kry waar hy handeviervoet in die parkeerplek rondkruip op soek na sy kar. Dis 'n Citroen, beduie hy, maar hulle kry nie so 'n kar nie. 'n Hele ruk later kom hulle op sy vriende af wat ook naarstiglik maar taamlik onbeholpe weens oormatige inname na hom soek. Hulle ry toe 'n Cortina! "Ek moes seker nie daar onder regs gedraai het nie," het die man wat toe al eintlik agt rye spore geloop het, verduidelik.

En mnr Vic Mouton, eertydse Oesdagvoorsitter, vertel ook van een van sy goeie vriende wat hulle laatmiddag na 'n lang gekuier na sy "wit kar" help soek het – en toe hulle die kar uiteindelik kry, is dit 'n bloue!

Klub 200 is die eetplek waar belangrike gaste gewoonlik onthaal is. So kort na 1994 se verkiesing is die destydse premier van die Vrystaat, mnr Mosiuoa Lekota, deur die komitee daar onthaal toe die krag afgaan. Mense wat die plek ken sal weet dat as die krag afgaan, is dit nie net stikdonker nie, maar die waaiers wat die braairoosters se rook uitrek gaan staan en die lokaal is gou dik van die rook. Toe dit gebeur bars Lekota se lyfwagte die plek binne – goed paraat met oorgehaalde wapens en al. Dinge kon skeef geloop het, vertel mnr Jub Jubelius, oudvoorsitter van die Oesdagkomitee, as dit nie was vir sy vrou nie wat hard deur die donkerte en die rook geskreeu het dat dit net die krag is wat af is en die mense net rustig moet word. "Dit kon lelik gewees het, maar vandag kan ons net lag oor die lyfwagte wat so vinnig was om wild en wakker te skiet."

Hy vertel ook die staaltjie van een van die lede van die Dameskomitee wat 'n aankondiging oor die Damesprogram moes doen. Deftig uitgevat, met perfekte haredos, stap sy op haar hoë polvye vorentoe, maar by die verhoog struikel sy oor 'n deftige handsak in die paadjie en sy slaan daar neer dat 'n mens kan sien of sy daardie dag al haar klere mooi aangetrek het! Maar sy het beslis nie op haar mond geval nie. "Dan val ek nou maar sommer met die deur in die huis..." het sy haar aankondiging begin.

2016

